SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 1 NOVEMBER 2020

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE RaDAR UITDAGING OP 7 NOVEMBER

DIE KONSEP 2021 SARL BLOU BOEK

en

KOMPETISIE NUUS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin die bulletin vanoggend met die nuus van twee stil sleutels

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutels van Tony Crowder, ZS6CRO en Louis Roodt, ZS6CAU die afgelope week stil geword het.

Tony was 'n lid van die Pretoriase ARK en het as ouditeur van die klub gedien. Hy was welbekend in die tydren gemeenskap. Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou Sue, familie en vriende.

Louis is op Dinsdag 27 Oktober oorlede na 'n lang stryd met kanker. Hy het gedien in die komitee van die ou Suid-Transvaalse Tak en was 'n stigterslid van die Vaaldriehoek Tak. Ons betuig ons innige meegevoel met sy vrou Engela, seuns Michael, ZS4BHF en Johan, ZS1JCR, kleinseun Steven, ZR6TJ, familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE RaDAR UITDAGING OP 7 NOVEMBER

Die derde RaDAR-uitdaging vir 2020 vind van 00:00 UTC tot 23:59 UTC plaas op Saterdag 7 November 2020. Dit is 'n vier-en-twintig uur lange aktiwiteit, maar jy hoef net 4 uur te werk, jy kies die 4 uur.Jy mag alle amateur bande insluitend kruisband kontakte via amateur radio satelliete gebruik. Modusse - GG, ESB, FM of enige wettige amateur radio digitale modus.

Die RaDAR-uitdaging vereis meer as 'n minimalistiese uitruil van inligting. Akkurate inligting-uitruiling word belangriker geag as 'n groot QSO-telling.

Roepsein, naam, RS (T) verslag en ruitvierkant. Die ruitvierkant van ses karakters is aanvaarbaar, maar moet verkieslik akkuraat wees tot 8 of 10 karakters vir hoër posisie akkuraatheid (veral vir die verskuiwing van RaDAR-stasies).

Kry al die inligting op bladsy 27 van die 2020 Blou Boek.

DIE KONSEP 2021 SARL BLOU BOEK

Baie dankie aan die Klubs en Groepe wat gereageer het met opdaterings, kommentaar en voorstelle vir die 2021 Blou Boek. Die 46 langafstand-BHF/UHF WhatsApp-groep het die SARL BHF/UHF-analoog- en digitale kompetisies, sowel as die SARL BHF/UHF FM-kompetisie opgeknap. Ongelukkig is daar verskeie kompetisies wat nie op die 2021 kalender sal verskyn nie, aangesien geen borge na vore gekom het om hierdie kompetisies aan te bied nie.

Die opdaterings, kommentaar en voorstelle sal nou verfyn word in die 2021 Blou Boek. 'n Verdere konsep kopie sal beskikbaar gestel word vir 'n finale nagaan voordat die 2021 Blou Boek uitgereik word.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

KOMPETISIE NUUS

Die tweede been van die SARL BHF/UHF Analoog-kompetisie vind plaas van 12:00 UTC Saterdag 14 November tot 08:00 UTC Sondag 15 November 2020. Blaai na bladsy 46 van die 2020 Blou Boek vir die reëls.

Die sesde skof van die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop vind op Woensdag 18 November van 17:00 tot 18:00 UTC plaas en die tweede been van die SARL Newbie Partytjie is op Saterdag 21 November vanaf 08:00 tot 20:00 UTC op die lug. Kyk na bladsye 64 en 40 van die 2020 Blou Boek vir die reëls.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Tans is daar twee sonvlekke met eenvoudige magnetiese samestellings sigbaar. Hulle kan die bron van C-klas sonfakkels wees. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van sewe vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laat middag goeie DX openinge op die 12 tot 30 m bande verwag. 10 m kan ook gedurende die middag verras. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

07 November - die RaDAR Uitdaging

14 November - die Overberg ARK-jaareindfunksie

14 en 15 November - die SARL BHF/UHF-analoog kompetisie

18 November - die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop

21 November - die SARL Newbie Partytjie

28 en 29 November - die CQ WW DX GG kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Die derde RaDAR-uitdaging vir 2020 vind van 00:00 UTC tot 23:59 UTC plaas op Saterdag 7 November 2020. Dit is ’n vier-en-twintig uur lange aktiwiteit, maar jy hoef net 4 uur te werk, jy kies die 4 uur.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na ”Amateur Radio Today.” Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Heruitsending aangebied deur Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na ’n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS/1, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.